NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
AANVULLINGSEKSAMEN – MAART 2019

# BESIGHEIDSTUDIES: VRAESTEL II

Tyd: 2 ure | 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Lees die vrae noukeurig deur en beplan die lengte van jou antwoorde met betrekking tot die afdeling wat in elke vraag gedek word.

3. Beantwoord beide **Vraag 1 en Vraag 2**.

4. Nommer jou antwoorde presies soos wat die vrae genommer is.

5. Elke vraag moet op 'n **nuwe bladsy** beantwoord word.

6. Kandidate word aangeraai om besondere aandag aan taalgebruik te gee.

7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

8. Antwoorde moet in die antwoordskrif wat voorsien is, beantwoord word.

---

**Die volgende aspekte sal in aanmerking geneem word wanneer punte in hierdie vraestel toegeken word:**

- Formaat:
  - Die KORREKTE formaat vir elke vraag moet gebruik word, d.i. besigheidsverslag.
  - Waar van toepassing, sluit 'n inleiding en gevolgtrekking in.
  - Gebruik opskrifte en sub-opskrifte waar van toepassing.
- Terminologie: korrekte besigheidsterminologie moet gebruik word.
- Inhoud: moet voldoende wees om alle aspekte van die vraag te dek.
- Stawing: motivering vir stellings wat gemaak is.
- Toepassing op gevallestudie/konteks/tema.
- Kreatiewe probleemoplossing eerder as net weergee van teoretiese feite.
- Sintese en opeenvolging.

IEB Copyright © 2019

## VRAAG 1

**Bestudeer die volgende bronne en beantwoord dan die vraag wat volg:**

### BRON A

**Die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB) reguleer jou bemarkingsaktiwiteite**




Die WVB maak voorsiening vir 'n paar duidelike reëls wanneer dit by bemarking kom. Sommige bemarkingspraktyke word geheel en al verbied, terwyl ander bemarkingspraktyke toelaatbaar is, maar streng gereguleer word. Daar is ook 'n paar algemene reëls wat op alle tipes bemarking van toepassing is.

Die belangrikheid van die WVB behoort voor die hand liggend in ons land te wees. Daar is baie ongeletterde en kwesbare mense wat in die verlede gelok is om produkte of dienste te koop waarvoor hulle geen nut het nie. Omdat bemarkers so slim was en 'n oortuigende, maar valse, boodskap oor sekere produkte geskets het, wat verbruikers uiteindelik oorreed het om dit te koop, het die wetgewer dit van pas geag om 'n mate van beskerming vir hierdie kwesbare lede van die samelewing te verskaf deur reëls te skep wat op bemarking van toepassing is.


[Bron aangepas uit: <https://dommisseattorneys.co.za/blog/the-consumer-protection-act-cpa-regulates-your-marketing-activities/28/10/2017>]

### BRON B




[Bron: <http://ethicalmarketingnews.com/write-ethical-marketing-plan-webinar 28/10/2017>]

**BRON C**




[Bron: <https://www.commpro.biz/reputation-road-profitability/2/12/2017>]

'n Doeltreffende besigheidstrategie moet in ooreenstemming wees met hoe 'n besigheid optree en met die faktore wat besluitneming dryf. Om hierdie doelwitte te bereik, moet die invloed van die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB) en etiese besluitneming in die besigheid verstaan word.

**Vereis:**

Die direksie van 'n vooraanstaande kitskoshandelsmerk het jou gevra om 'n besigheidsverslag te skryf waarin jy:

- die moontlike etiese dilemmas verduidelik waarvoor 'n kitskosfranchisegewer en/of franchisenemer in die verskillende besigheidsomgewings te staan kan kom;
- die belangrikheid van die WVB en etiese besluitneming in die besigheidsomgewing bespreek; en
- voorstel hoe die franchisegewer en/of franchisenemer kan verseker dat sy strategieë eties bly.

**[50]**

IEB Copyright © 2019 

## VRAAG 2

**Bestudeer die volgende bronne en beantwoord dan die vraag wat volg:**

### BRON D


**Hoe wend jy jou menskapitaal aan?**

Wie mens in jou span opneem, is een van die belangrikste besluite wat jy as 'n eienaar of operateur van 'n kitskosfranchise neem. Jy moet versigtig oorweeg wie jy wil hê met jou klante in aanraking moet kom. Baie kitskosbesighede kyk hierdie detail mis en dit kan 'n enorme uitwerking op jou besigheid hê.

"**Kry die regte mense op die bus, die verkeerde mense van die bus af en die regte mense in die regte sitplekke.**" Jy moet op hierdie woorde ag slaan. Om jou menskapitaal roekeloos aan te wend, is 'n afwaartse spiraal wat tot 'n magdom probleme vir 'n kitskosbesigheid lei.

[Bron aangepas uit: <https://www.credibly.com/incredibly/how-are-you-spending-your-human-capital/ 28/10/2017>]

### BRON E




[Bron: <http://bakertilly.com/services/human-capital 28/10/2017>]

**BRON F**



[Bron: <http://www.hci.org/develop/onboarding 28/10/2017>]

Vandag se strategiese onderskeier in 'n besigheid is sy mense. Die mate waarin 'n maatskappy die potensiaal van die unieke vermoëns van die werksmag verwesenlik, is die kenteken van 'n toonaangewende en mededingende besigheid.

**Vereis:**

As die menskapitaalbestuurder vir 'n vooraanstaande kitskosfranchise is jy gevra om 'n besigheidsverslag aan 'n groep franchisenemers te skryf, waarin jy die belangrike rol van die menskapitaalfunksie verduidelik.

In jou bespreking moet jy die probleme wat die menskapitaalfunksie en die bestuurder kan teëkom, uitlig. Stel strategieë voor wat deur die menskapitaalbestuurder gebruik kan word om te verseker dat probleme opgelos word en dat die besigheid aan goeie menskapitaalbeleide en -prosedures voldoen.

**[50]**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2019